KAMMANUUS

Nommer 313 19 September 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Sing ons (klein)kinders nog? Hier is raad!

Hallo Julle

Dié week so effe meer ernstig. Een van ons lesers, **Irma Liebenberg,** wil weet of ons kinders hoegenaamd nog sing?

Die meeste ouers is onkundig oor die waarde van die sing van goeie kinderliedere. kleuterskoolonderwysers benut samesang om baie redes, maar van die mees algemene verduidelikings hoekom daar gesing word, is dat hulle 'n item benodig vir die jaarlikse kleuterskoolkonsert (vir die insameling van fondse) en dat hulle liedjies sing om die kinders besig te hou, die tyd om te kry en ter wille van dissipline.

Min besef ons dat goeie aanvangsonderrig in musiek, en spesifiek samesang, beïnvloed vele ander faktore in die volwassene se lewe. Musieksmaak, die manier waarop daar in Afrikaanse kerke gesing word en die feit dat die Afrikaanse publiek nie meer kan of wil sing nie, is van die hierdie faktore. Dit is opvallend dat baie lede van die Afrikaanse gemeenskap dikwels nie kan "noot hou" nie.

Die volgende storie het Irma in die Die Groot Afrikaanse Koorleiersgids raakgeloop:

Toe daar ontdek is dat die jongste kind in 'n gesin van vier kinders op vyfjarige ouderdom nie suiwer kon nasing soos die vorige drie nie, is die outjie elke aand voor slapenstyd op sy moeder se skoot getel en is die volgende "speletjie" gespeel:

"Luister mooi en maak soos Mamma maak." Vir 'n week of langer is dan net enkel toonhoogtes op 'n "oe"– of "aa"- klank voorgesing, waarna die outjie so goed as wat hy kon probeer nasing het. Toe hy dit ná 'n tyd kon baasraak, is die "speletjie" tot twee toonhoogtes uitgebrei, elke keer met groot aanmoediging, totdat hy dit ook maklik begin regkry het.

Dit is ook met 'n storie gekombineer. Later het dit drie, vier en meer toonhoogtes geword, totdat hy kort kleuterliedjies suiwer kon nasing. Ná ses maande het hy op 'n kunswedstryd in die kategorie vir graad 1-leerlinge "Skoppelmaai" ewe vrymoedig staan en sing en 'n goue sertifikaat gewen. Van al vier het hy die spontaanste sanger geword.

"Skoppelmaai" is, net soos "Oom Jan Sny Koring", een van Anna Rudolph (1924-1995) se vele kinderliedjies en het geen bekendstelling nodig nie. Anna Rudolph het deur middel van haar kinderliedjies 'n grondslag daargestel vir die vaslegging van Afrikaanse kultuuridentiteit in die lewe van jong kinders.

Met die vrystelling van die nuwe Anna Rudolph-CD en-bladmusiek *Singende Kinders is Gelukkige Kinders* word in 'n langverwagte behoefte in die Afrikaanse kindermusiekmark voorsien. Die musiekstel is 'n heruitgawe van 45 oorspronklike Anna Rudolph-liedjies geskik vir kinders van 12 jaar en onder. Die musiekstel beloof om aan kinders groot sangplesier te verskaf.

Kom ons maak seker ons nageslagte bly sing in Afrikaans. Koop vandag hierdie musiekstel vir jou kind of kleinkind. Dit kos slegs R120 (posgeld in RSA ingesluit). Stuur 'n epos met die opskrif **Kinderliedjies** na Irma by irmalieb@gmail.com indien jy belangstel om so 'n CD plus die gratis bladmusiek daarby te kry.

Gaan kyk gerus op www.onsdorp.com na die prentjie van die CD. Jy kan haar ook skakel by 082 978 9798. Irma het belowe om R10 te skenk aan ons Yadefonds vir elke bestelling wat sy van ons lesers ontvang. Sy verkoop die CD's uit haar liefde vir Afrikaanse Musiek en maak nie juis geld hieruit nie.

Wat dink julle van Facebook?

Volgende keer wil ek bietjie gesels oor FACEBOOK en wat julle daarvan dink. Gebruik jy Facebook? Wat word als deur Facebook oorgeneem of vervang?
Stuur tog asseblief vir my jou mening en kommentaar oor hierdie nuwe sosiale media. Hoe hy gebruik of misbruik word. Skryf aan pos@onsdorp.com en merk die e-pos **Vuisboek**

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Verskil tussen hemel en hel

In die HEMEL is:
Die polisie Brits.
Die sjefs Italiaans.
Die werktuigkundiges Duits.
Die vryers Frans
en
alles word deur die Switsers georganiseer.

In die HEL is:
Die polisie Duits.
Die sjefs Brits.
Die werktuigkundiges Frans.
Die vryers Switsers
en
alles word deur die Italiane georganiseer.

Winter is die seisoen waarin mense die huis so warm probeer hou as wat dit in die somer was, toe hulle oor die hitte gekla het.

HOEKOM SO?

V: Hoekom is mense in die openbare oog in die "kalklig"?

A: Kalklig is in 1825 ontdek en in vuurtorings en op die verhoog gebruik - 'n silinder vol kalk is gebrand en het 'n helder lig afgegee. In die teater is die middelpunt van die aandag in die kalklig.

Foeitog, die arme Franse!

Ek verkies 'n Duitse divisie voor my bo 'n Franse divisie agter my.
-- Genl. George S. Patton

Om saam met die Franse oorlog te maak is soos om grootwild met jou akkordion te jag.
-- Norman Schwartzkopf

Ons kan maak soos die Franse, of ons kan iets daaraan doen.
--Marge Simpson

Wat my betref beteken oorlog altyd 'n mislukking.
-- Jacques Chirac, Franse president.

En sover dit Frankryk betref is jy reg.
--Rush Limbaugh

Die laaste keer wat die Franse "meer bewyse" gevra het, het dit Parys onder die Duitse vlag binnegemarsjeer.
-- David Letterman

WETTE

Brown se skoenewet:
As die skoen pas, is hy lelik.

Wet van die teater:
Die mense wat die verste van die paadjie af sit, daag altyd laaste op.

Wet van nommers:
As jy 'n verkeerde nommer bel, sal dit nooit beset wees nie.

Die verhaal van twee vroue

Hierdie vrou is 51.
Sy is 'n TV-gesondheidsguru en haar naam is Gillian McKeith. Sy het 'n holistiese benadering tot voeding en swak gesondheid. Haar aanbevelings is oefening, 'n vegetariese dieet met baie organiese vrugte en groente. Sy beveel aan detoksifiserende diëte, dermspoelings en aanvullings, sê gis is skadelik en dat die kleur van kos 'n belangrike voedingsaanduiding is. Sy is ook 'n voorstander van ontlastingsondersoeke.

Hierdie vrou is ook 51.
Haar naam is Nigella Lawson.

Sy is 'n TV-kok.

Sy eet net vleis, botter en nageregte.

Besluit self watter een is reg.

OUD

Is wanneer jy nie meer omgee waarheen jou vrou gaan nie – solank jy net nie hoef saam te gaan nie.

En deurnag beteken jy moes nie een keer opstaan om te gaan piepie nie.

Bejaardheid is 15 jaar ouer as wat jy self is.

Duskantlander in Anderkantland



Deur GERARD DE JONG VAN SANAE 4

Vir baie jare was Antarktika vir meeste vrouens taboe. Selfs die Suid Afrikaanse basisse was tot redelik onlangs nie vir vroue toeganklik nie. Eers met die voltooiing van die huidige SANAE 4 basis is vroue toegelaat om hier te oorwinter.

Op 20 Februarie 1935 het Caroline Mikkelsen, die vrou van 'n Noorweegse skeeps-kaptein, die eerste vrou geword wat voet aan wal sit gesit het op die groot wit kontinent, Antarktika.

Edith Ronne.

Edith "Jackie" Ronne en Jenny Darlington was die eerste vrouens wat in Antarktika oorwinter het gedurende die 1947 winter.

Jackie het glad nie beplan om oor te bly nie, Jenny ook nie. Sy het haar man vergesel op pad na Antarktika. Hy het haar omgepraat om saam te gaan op sy ekspedisie en op haar beurt het sy vir Jenny oortuig om saam te gaan vir so 'n bietjie vrouegeselskap.

Na 1947 het die klem verskuif van ontdekkings ekspedisies na meer wetenskaplike ekspedisies. Meer vrouens het as wetenskaplikes Antarktika besoek gedurend die somer-maande. Hulle het hoofsaaklik van skepe af gewerk. Later jare het vroue oorwinterspanlede en selfs oorwinterspan-leiers geword.
Die eerste vroulike spanlid wat hier by die SANAE 4 basis oorwinter het is dr. Aithne Rowse. Sy was deel van die SANAE 36 oorwinterspan, die eerste span wat die nuwe SANAE 4 basis betrek het. Dit was in 1997 nadat Suid Afrika reeds sedert 1960 oorwinterspanne hier gehad het.

Dit was ook na twee jaar waartydens Suid-Afrika geen oorwinterspanne in Antarktika gehad het nie omdat die ou SANAE 3 basis te onveilig was en die nuwe SANAE 4 basis nog nie voltooi was nie.

Sedertdien is vroulike spanlede by die SANAE 4 basis nie meer ongewoon nie. Nie net as mediese dokters nie, maar ook as wetenskaplikes. Tans is hier twee dames by die SANAE 4 basis. Dr. Aby Paton, ons dokter, en Beatrice van Eden, 'n wetenskaplike. Hier was ook al 'n paar getroude pare soos nou die geval is met Beatrice en Kevin.

Ons Duitse bure by die Neumayer basis het 'n interessante storie wat aan my as die waarheid oorvertel is. Die Duitsers het ook nie vrouens toegelaat om te oorwinter nie. Gedurende die laat tagtiger jare het dr. Monika Puskeppeleit, 'n mediese dokter, aansoek gedoen om deel te wees van die oorwinterspan by die Neumayer basis.

Die Duitsers was nie eintlik lus vir die storie nie. Protesoptogte het hulle ook nie voor kans gesien nie. Hulle maak toe vir haar 'n teenvoorstel. Sy moes 'n vrouespan saamstel – insluitende dieselwerktuigkundiges - hopende dat dit haar sou afskrik.

As sy genoeg vroue bymekaar kon kry om 'n volledige span saam te stel, kon hulle gaan. Die owerhede het gehoop dat dit die einde van die storie sou wees. Monika het haar span bymekaar gekry en die Duitse owerhede kon nie teruggaan op hulwoord nie.
Gedurende Desember 1990 was Monika en haar span in Antarktika. Met Monika as spanleier het hulle die eerste vrouespan geword wat hier oorwinter het. Daar was agt vroue en geen mans nie.

OPERA

Enigiets wat te simpel is om te sê word gesing.
-- *Voltaire (1694-1778)*

Ek gee nie om in watter taal 'n opera gesing word nie solank dit 'n taal is wat ek nie verstaan nie. -- *Sir Edward Appleton (1892-1965)*

Opera is heeltemal luisterbaar as dit nie gesing word nie.
-- *Org Potgieter (1944 -)*

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Moenie met dié ouma sukkel

'N OUMA van 81, Ava Estelle, was so boos nadat twee gewese tronkvoëls haar 18-jarige kleindogter verkrag het dat sy hulle ná weke se soektog opgespoor en hul testikels weggeblaas het.

Daarna het sy 'n taxi na die laaste polisiekantoor gehaal, die pistool op die sersant se lessenaar geplaas en kalmpies verklaar: "Daai twee misbaksels sal nooit weer iemand verkrag nie."

Die polisie sê sy het Davis Furth (33) en Stanley Thomas (20) in 'n hotelkamer opgespoor. Furth het ook sy penis verloor. Die dokters kon Thomas se verminkte penis red, maar hy sal hom nooit weer kan gebruik soos sy gewoonte was nie. Die twee mans was erg geskok, maar bly dat hulle die aanslag oorleef het.

Ava, 'n afgetrede biblioteekwerker, het polisiefoto's van die skuldiges gebruik om hulle op te spoor. Die oorblufte manne van die gereg is onseker hoe daar teen Ava opgetree moet word.

"Wat sy gedoen het, was verkeerd, maar dis moeilik om 'n vrou van 81 in die tronk te sit," het een van die speurders gesê.

"Veral as daar 3 miljoen mense is wat haar vir burgemeester wil nomineer."

Vreemde rede vir man se trekpas

'N BEROEMDE Oostenrykse museum het 'n werknemer afgedank omdat hy sy hande en gesig met sy eie urine gewas het.

Alfred Zoppelt het gesê hy is ná 23 jaar by die Belvedere-kasteel afgedank. Volgens hom was sy onderskrywing van urine-terapie "nooit 'n probleem nie."

Die redes vir sy afdanking is beskryf as "jou gewoonte om urine in jou vel in te vryf, veral jou hande en gesig. Hierdie aksie besmet die hele plek en is 'n bedreiging vir jou mede-werkers se gesondheid."

Aanhangers van urine-terapie voer aan dit het mediese en kosmetiese voordele, maar dit kon nog nooit bewys word nie.

Ocean View restaurant bly tops

'N GROEP vriendinne, almal pas 40, bespreek waar hulle wil ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle op die Ocean View Restaurant, want die kelners is aantreklik en dra stywe broeke wat hul stywe boude ten beste vertoon.

Tien jaar later, op **50**, bespreek hulle weer waar hulle wil ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle op die Ocean View Restaurant, want die kos was goed en die wynverskeidenheid uitstekend.

Tien jaar later, op **60**, bespreek die vriendinne weer waar hulle wil ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle op die Ocean View Restaurant want hulle kan rustig en in vrede eet en die restaurant het 'n pragtige uitsig oor die see.

Tien jaar later, op **70**, bespreek hulle waar hulle wil ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle op die Ocean View Restaurant want die restaurant was rystoel-vriendelik en het 'n hysbak.

Tien jaar later, op **80**, bespreek hulle waar om te ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle op die Ocean View Restaurant want hulle was nog nie voorheen daar nie en dit het 'n mooi uitsig oor die oseaan.

Babelas bok uit boom bevry

'N HUISEIENAAR in Swede was geskok toe hy yslike lawaai hoor en 'n dronk takbok in sy buurman se appelboom kry.

Die dier was skynbaar op soek na gistende appels toe sy haar balans verloor en in die boom vasgesit het.

Die nooddienste het gehelp om die beskonke takbok te bevry deur takke af te saag.

Sy het die nag in die tuin herstel en die volgende dag pad gevat met haar babelas. Die man sê die bok het siek, dronk of "half simpel" voorgekom.

Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan pos@onsdorp.com

ITALIAANSE LOGIKA

Die ou Italiaanse man was op sy sterfbed, en roep sy kleinseun bed toe.

"Guido, oupa wil hê jy moet nou mooi luister. Jy vat my .38 rewolwer sodat jy altyd jou oupa sal onthou."

''Maar oupa, Guido hou niks van wapens nie, los liewer jou Rolex-horlosie vir my'"

"Jy luister vir jou oupa. Eendag gaan jy die besigheid bestuur, jy gaan hê die baie mooi vrou, die baie geld, 'n groot huis en baie bambino's. Eendag jy gaan by die huis inloop en jou vrou sy is in die bed met 'n ander man.

"Wat jy gaan doen met die Rolex, Guido? Gaan jy die hoslosie vir hom wys en sê: 'Jou tyd is op?' "

GRAFSTEEN

Iewers in die Vrystaat is dié een gesien:

Hier lê die liggaam van Sebastiaan Kriek

Hy't die petrol getrap, pleks van die briek

BIETJIE VINNIG

Die rugbyspan het nóg 'n yslike nederlaag gely - sy soveelste van die seisoen - en die afrigter het besluit daar moet drasties opgetree word.

"Kyk hier, manne, ons moet weer met die heel basiese dinge begin."

Hy tel toe 'n rugbybal op en hou dit omhoog.

"Sien julle hierdie ding?" het hy stadig gevra.

"Ons noem dit 'n rugbybal. Is julle nog by?"

Dis toe 'n voorryman sy hand opsteek en sê:

"Net 'n oomblik, Coach. Nie so vinnig nie."

TYDMORS

Die dogtertjie het pas haar eerste skoolweek agter die rug.

"Ek dink hulle mors my tyd," sê sy vir haar ma.

"Ek kan nie lees nie, ek kan nie skryf nie en hulle wil nie hê ek moet praat nie!"

VELDWAGTER SE RAAD

Die Kanadese veldwagter gee raad aan toeriste.

"Wees versigtig vir bere," sê hy. "Dra dus klokkies aan jul polsgewrigte om hulle te waarsku dat julle op pad is.
"Bruin bere is nie so gevaarlik soos grysbere nie. Kyk dus uit vir hul bollie – as julle grysbere se bollie sien, moet julle dadelik terugdraai."

"En hoe moet ons weet of die bollie 'n bruin beer of 'n grys beer s'n is?" het een toeris gevra.

"O, julle sal weet. Grysbere se bollie het klokkies in."

RYBEWYS

Die blondine word by 'n padblokkade op 'n hoofroete gestop.

Die spietkop vra haar toe baie beleefd of hy asseblief haar rybewys kan sien.

Blondine: "Weet jy, meneer, ek kan julle glad nie verstaan nie. Julle het my rybewys net gister by my afgeneem, en nou wil julle hom al weer sien!"

BC deur Johnny Hart

HET JY AL GEWONDER?

Hoekom jy jou selfoon moes registreer

Operateur: "Dankie dat u Scooter's Pizza gebel het. Mag ek u bestel . . ."
Klant: "Hallo, kan ek bestel?

Operateur: "Mag ek eers u nommer kry, meneer?"
Klant: "O. Ja. Eisj, hou vas. Dis . . . mmm . . . 082-266-2566."

Operateur: "Oukei . . . u is . . . mnr. Sifiso Majola en u bel van Retiefstraat 17. U huisnonmmer is 011 764 2302. Ek sien u bel van u vriendin se huis af. Weet u vrou dat u daar is?"
Klant: "Hoe weet jy al daai dinge?"

Operateur: "Ons is aan Die Stelsel gekoppel, meneer."
Klant: "Kan ek 'n seekos pizza beastel?"

Operateur: "Dis nie 'n goeie idee nie, meneer."
Klant: "Hoekom nie?"

Operateur: "Volgens u mediese rekords ly u aan hoë bloeddruk en hoë vlakke cholesterol."
Klant: "Wat? Wat beveel jy dan aan?"

Operateur: "Probeer ons Hokkien Mee laevet pizza. U sal daarvan hou."
Klant: "Wat maak jou so seker daarvan?"

Operateur: "Want u het 'n boek met die titel *Gewilde Hokkien Mee Disse* by die biblioteek uitgeneem."
Klant: "Oukei, ek gee op. Kan ek drie gesinsgrootte Hokkie Mee pizzas kry, en hoeveel sal dit kos?"

Operateur: "Dit sal genoeg wees vir u, u vriendin, haar ma en pa en twee susters. Vir net R149,95."
Klant: "Kan ek met 'n kredietkaart betaal?"

Operateur: "Ek is bevrees u moet kontant betaal. U kredietkaart is oor-trokke en u skuld u bank R5 720.55 sedert verlede April. En dit sluit nie u laat betaling vir u huisverband in nie."
Klant: "Oukei. Dan moet ek gou na die naaste OTM draf en die geld trek voordat die pizzas hier aankom."

Operateur: "U sal nie kan nie, meneer. Volgens ons rekords het u reeds u daaglikse limiet vir onttrekkings bereik."
Klant: "Moenie worrie nie, stuur net die pizzas. Ek sal die geld gereed hê. Hoe lank sal dit duur?"

Operateur: "Omtrent 45 minute, meneer. Maar u kan dit altyd kom haal in u silwer Nissan Double Cab . . . "
Klant: "Wat!"

Operateur: ". . . met die registrasienommer NRB 232 GP."
Klant: "Ag, fokof net!"

Operateur: "Nie so rof nie, meneer. Onthou u 15 Julie 1977? Toe u skuldig bevind is dat u op 'n polisieman gevloek het? Ek hoef u nie te vertel wat in die Kroonstad-gevangenis gebeur het nie . . ."
Klant: ". . . "

Operateur: "Is daar nog iets, meneer?"
Klant: "Nee. Maar kry ek nie die drie bottels gratis Coke wat julle adverteer nie?"

Operateur: "Ons doen dit gewoonlik, meneer. Maar volgens ons inligting is u ook 'n diabeet . . . "
Klant: "Kanselleer my bestelling. My vriendin sal sommer vir ons iets te ete maak."

NOU WEET JULLE: "DIE STELSEL"
WEET ALLES VAN JULLE AF.

Deel 3

Was, stryk en min slaap ons voorland

In die derde aflewering van die reeks vertel
DIRK BOSHOFF
verder van sy basiese opleiding en die eise wat met inspeksies aan die soldate gestel is.

Ons eerste aand moes ons daardie vloere skoonmaak dat jy jou gesig daarin kon sien. Ons sou die volgende oggend om 04:00 inspeksie staan. Ons het elkeen 'n R2- masjiengeweer sonder patrone gekry wat 45 grade (almal in lyn en selfde rigting) op ons beddens moes lê.

Ons nuwe boetse (stewels) moes oor en oor gepoets word om "glasblink" te lyk en so ook ons *step-outs* (uniform-skoene). Ons moes met 'n strykyster die voorste punt van ons boetse - wat saam met die bruin drag gegaan het - glad brand en poleer tot vervelens toe.

Ons kussingslope moes elke oggend 'n kruis as naat oorgestryk hê. Die "hare" van die kombers moes in die middel oor sy lengte elke oggend plat gevryf word na die voetenend se kant toe en weerskante van die middel na buite.

Jou handdoek moes elke oggend op die punt van jou bed oorgetrek wees met lyne die breedte van jou skoenborsel een rigting, dan weer ander rigting, ewe breed sodat dit soos 'n paadjies lyk. Die hoek van jou bed waar die kombers oorkom moes met skeerroom gespuit word en dan met strykyster en skoenborsel 90 grade gestryk word.

"As ek deur my loop kyk, moes ek kon sien wat op die ander soldate se beddens gelê het."

Jou balsak moes karton in kry sodat hy regop kon staan, almal agthoekig en ewe hoog. Daarin is jou siviele klere gebêre. Jou uniform en velddrag moes almal aan dieselfde kant netjies binne in jou "bonsai" hangkassie gehang het.

Al jou kouse, onderklere en ekstra uniform-klere moes ons almal ewe lank opvou en in dieselfde volgorde in jou beskeie hangkas plaas.

Later moes ons ons masjiengeweer uitmekaar haal (Die R2 was van die swaarder masjiengewere) en stuk vir stuk vir inspeksie op ons beddens plaas. As ek deur my loop kyk, moes ek kon sien wat op die ander soldate se beddens gelê het.

Ons varkpan (staaleetgerei met beker, mes/vurk/lepel in een) moes in volgorde op die handdoek op die voetenend geplaas word. Daar mag niks anders rondlê nie en die vloere moes spieëlblink wees.

Ons moes natuurlik ook elkde dag ons klere was en stryk. As jou klere 'n effense kreukel ingehad het, is jy gestraf in ’n ander bloedgroep in. Jy het elke oggend en aand 30 sekondes gehad (soms net in koue water) om te stort en skoon te kom. Die oorgewig ouens kon darem van die nattigheid vang op hul lywe, ons ander moes ronddans sodat ons ’n paar druppels kon vang.

Jy moes in ry staan om te stort en is sommer vinnig weer uitgejaag. So moes ons ook somtyds ons eetgerei in koue water sonder seep was of in ander jong manne se ou vuil water waar die vettigheid jou gulsig aanskou het.

Die eerste nag het ons eers die volgende oggend vroeg tussen 02:00 en 02:30 op die grond gaan slaap. Ons het net Woensdae op ons beddens geslaap. Ons het eenvoudig net nie tyd gehad om al die goed na 'n strawwe dag te doen nie.

Donderdag oggende moes ons al ons "skoon" beddegoed ingee om gewas te word. Dit dan ook waarom ons Woensdae op ons beddens geslaap het.

ORKANE
"Ek het altyd gedink orkane word na vroue vernoem omdat hulle die land met asemlose afwagting en 'n vreeslike gesuig en geblaas bereik - maar dis omdat hulle jou huis saamvat wanneer hulle vertrek."

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte #15

SJOKOLADEKOEK
3 e kakao
2 eiers
1/3 k sagte botter
3 t bakpoeier
1¾ k Meel
1 en 1/3 k Suiker
½ t kaneel
½ k melk
1 t vanielje of 2 t kitskoffie
Meng droë bestanddele saam.
Vryf botter in en voeg melk by. Meng alles goed deur.
Bak in 'n matige oond vir 40 min in gesmeerde koekpan.

SOUSKLUITJIES (Resep nr. 154 vir 1970)
6e meelblom
2 e botter
2 eiers
2 t bakpoeier
Knippie Sout
Kaneelsuiker
Bietjie water
Ekstra botter

Sif meel, sout, bakpoeier saam. Vryf botter in. Klits eiers en water saam en roer in meelmengsel in.
Meng goed, die beslag moet van 'n lepel afdrup.
Skep teelepelsvol in kokende, gesoute water. Laat oop kook vir 'n rukkie.
Keer een keer om en laat kook tot gaar.
Haal uit en sit in 'n warm skottel en gooi kaneelsuiker oor.
Sit stukkies botter bo-op.
Maak 'n sous van die water wat oorgebly het deur kaneelsuiker by te voeg.
Bedien warm.

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

STAMBOOM

BRENKMAN irenes@vodamail.co.za
Nasate van Hercules Salomo du Preez en Jeltje Adriani Brenkman.

ERASMUS Tjaarterasmus@hotmail.com
Ek is op soek na meer inligting oor my stamboek, stamname is Tjaart Erasmus (my oupagrootjie), hy was getroud met Dorothy Piek. Jan Adriaan Erasmus was my oupa (September 1938). My oupa se broer is Johannes Hermannus Jacobus Erasmus en my oupa se suster se naam is Alida.

JOOSTE toekie.jooste@gmail.co.za
Addisioneel: My man is Charel Johannes Jooste en het hy het groot geword in Burgersdorp. Sy Pa is Albertus Lodewikus Venter Jooste. Hulle het groot geword in Bethulie. Sy Pa was `n krysgevangene in Bermuda.

SWANEPOEL bworkel@gmail.com
My pa is gebore 09/09/1910 en was getroud met Elsie Louisa Kuilder, oorlede 09/02/1987. Hulle het haar Lucy genoem. Uit hulle huwelik is 9 kinders gebore. My pa was 'n myner en is oorlede in Welkom op 09/04/1962. Ek weet net dat hy het 'n broer met die naam Jan (in Christiana gewoon) gehad het, en 'n suster met die naam Johanna (in Johannesburg gewoon). Ons wil graag 'n familiestamboom opstel en as enige iemand my kan help met verdere inligting sal ek dit baie waardeer.

THIAT anne-maries@bell.co.za
Addisioneel: Ek is op soek na die stamboom familie van Gideon Thiart, gebore 01-12-1924 (nog in die lewe). Hy was in Zuid-Afrikaanse Kinderhuis op Papendorp aan die Weskus. Sy moeder Johanna J.E Spence, gebore 07-08-1906 en is oorlede op 07-08-1995. Sy is begrawe op Lambertsbaai aan die Weskus.

AGTEROS
Net voor uitspantyd

Kom ons laat Phineas weer twist

"Toe die skerp, blink weerkaatsing Phineas se oë tref, het hy gaan staan en verskrik daarna gegryp."

Deur DANA SNYMAN

EK het gedink ek het Phineas al vergeet. Hy was die broer van ou Taki, die kafee-eienaar op een van die dorpe waar ek kind was. Hy is nooit skool toe nie, hy wat Phineas is.

Hy was al in die dertig, toe praat hy nog so uit die maag uit soos 'n kind. En sy mond het dikwels oopgehang. En soms het hy op 'n stoel agter Taki se toonbank gesit en deur die *Bollie*-tydskrif geblaai en kort-kort kliphard gelag vir oom Dik Daan en Krabbel se gedoentes.

Partykeer het Taki vir hom klein werkies gegee om te doen: Hy moes die stoep vee of koeldranke in die koelkas pak of 'n pakkie poskantoor toe neem.

Maar meestal het Phineas agter die toonbank of stil op 'n koeldrankkissie op die stoep gesit met blink kwylstrepe oor sy kennebak. Hy was ook lief daarvoor om na die waaier met die breë wit arms teen die kafee se dak te sit en staar.

Dis vreemd, Phineas het nooit soggens saam met Taki in sy Datsun SSS kafee toe gery nie.

Phineas het altyd gestap, verby die hospitaal, verby ons huis; en altyd het hy sulke geruite langmouhemde gedra met die moue tot onder afgerol en die boonste knoop vas, winter en somer deur.

Smiddae hier teen halfvier se kant het Phineas teruggestap van die kafee af na die ou huis met die stukkende motorkarre in die voortuin waar hy saam met Taki-hulle gewoon het.

Miskien het Phineas daardie tyd van die middag huis toe gegaan om betyds te wees wanneer *Wielie Walie* en die ander kinderprogramme op televisie begin. Ek weet nie.

Ek onthou net een middag was ek en Stoffel besig om spieëltjies aan ons fietse te sit, toe ou Phineas daar op die sypaadjie verbystap op pad terug huis toe.

Toe, sommer net vir die grap, draai ek die spieëltjie so in my hand dat dit die son op Phineas weerkaats, eers op sy bene, toe sy bolyf.

Toe die skerp, blink weerkaatsing Phineas se oë tref, het hy gaan staan en verskrik daarna gegryp.

As jy twaalf jaar oud is, is dit 'n koddige ding om te sien, want Phineas het geen benul gehad waar hierdie helder ding vandaan kom nie.

"Kom ons laat ou Phineas bietjie twist," het ek gesê en die spieël effe laat sak sodat die helder kol hier voor op sy hemp lê.

Phineas het met albei hande na daardie weerkaatsing gegryp.

En toe lig ek weer die spieël en laat die son in sy oë skyn. En toe gryp Phineas weer na sy oë.

En toe laat ek ou Phineas soos 'n marionet beweeg, grypend met sy hande na die son se weerkaatsing op sy lyf, asof hy op die maat van Chubby Checker se "Let's Twist Again" dans: *"Let's twist again like we did last summer. Yeah, let's twist again like we did last year."*

Dit was nie die laaste keer dat ons dit met Phineas gedoen het nie.

Ons het hom daarna nog middae laat twist terwyl ons agter die muur staan en vir hom lag. "Do you remember when things were really hummin'. Yeah, let's twist again, twistin' time is here."
En toe, nou die middag in die kar op pad Johannesburg toe, hoor ek weer daardie plaat oor die radio. En toe onthou ek weer vir Phineas.

Ek was verkeerd toe ek gesê het ek het gedink ek het Phineas al vergeet.
'n Mens kan nie dink jy het iets vergeet nie. Jy onthou iets net. Of jy vergeet dit.

Ek probeer hard om Phineas te vergeet.

• ***Met vergunning van* Die Burger *en Dana Snyman. Hierdie storie het op 3 Junie 2005 in die rubriek* Van Alle Kante *verskyn.***

Die volgende KAMMANUUS verskyn eers weer op
3 OKTOBER

SÓ SKENK JY VIR DIE YADE-TEHUIS

Daar kom gereeld bydraes van ons lesers in vir die ouetehuise in Bloemfontein.
Lesers wat by Onsdorp/Kammanuus se aksie wil aansluit – eenmalige skenkings of 'n maandelikse aftrekorder - kan dit só doen:

Eerste Nasionale Bank - Stilfontein
Hennie Greeff - BOB Spaarrekening
Rekeningnommer - 60379199926
Takkode - 240538

Fluit-fluit.
Jou volgende KAMMANUUS is op 2 Augustus.